University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


# HOOFSTUK 4
# NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

**HOE**
vind die navorsingswaarneming in die praktyk plaas?

**WIE**
word as respondente betrek?


**4.1 INLEIDING**
**4.2 DIE NAVORSINGSONTWERP**
4.2.1 Navorsingsvrae
4.2.2 Tipe navorsing
4.2.2.1 Beskrywende kwalitatiewe navorsing
4.2.2.2 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing
4.2.2.3 Inhoudsanalise
4.2.2.4 Ontwikkelingsnavorsing
4.2.2.5 Empiriese en nie-empiriese navorsing
4.2.2.6 Interpretatiewe en positivistiese benadering
**4.3 DIE NAVORSINGSMETODE**
4.3.1 Navorsingsprosedures
4.3.2 Navorsingstegnieke
**4.4 RESPONDENTE EN RESPONSKOERS**
**4.5 VERSAMELING VAN DATA-DOKUMENTE**
**4.6 DATA-VERSAMELINGSPLAN**
**4.7 GELDIGHEID VAN DIE NAVORSING**
**4.8 LOODSONDERSOEK**
**4.9 NAVORSINGSBEPERKINGS**
**4.10 SAMEVATTING**

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)



## 4.1 INLEIDING

In Hoofstuk vier word die metodologiese verantwoording ten opsigte van hierdie studie uiteengesit. 'n Beskrywing van die prosedures wat vir die insameling van data gebruik is, asook die navorsingstegnieke wat vir die data-ontleding aangewend is, word gegee. Die navorsingsontwerp sowel as die navorsingsmetode word bespreek. Die navorsingsontwerp en -metode is gekies om die kern-navorsingsprobleem, naamlik faktore wat repertoriumkeuse beïnvloed en die sekondêre navorsingsvrae wat daaruit voortvloei, toe te lig. 'n Profiel van die ondersoekgroep word ingesluit.

Hoofstuk vier fokus op die navorsingsontwerp sowel as die navorsingsmetode. Die navorsingsontwerp en -metode word in hierdie studie gekombineer om te lei tot aanvaarbare antwoorde op die navorsingsvrae. Daar is 'n verskil tussen die navorsingsontwerp en navorsingsmetode en hierdie twee aspekte speel afsonderlik 'n rol in hierdie studie. Die **navorsingsontwerp** is die beplanning van die navorsing en dui aan watter tipe studie onderneem is. Onder die opskrif **navorsingsmetodes** word die navorsingsprosedures (die stappe wat gevolg is) en die navorsingstegnieke (die navorsingsinstrumente wat gebruik is) uiteengesit (Mouton: 2001: 49, 55 & 56). Daar word in hierdie hoofstuk gemotiveer waarom die tipe navorsing wat gekies is, geskik is vir die betrokke studie. Aandag word aan die uitdagings en beperkinge van die navorsing geskenk. 'n Skematiese voorstelling van die navorsingsontwerp en -metode wat in hierdie studie gevolg is, word op die volgende bladsy gegee.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


**Skematiese voorstelling 4: Navorsingsontwerp en navorsingsmetode**




## 4.2 DIE NAVORSINGSONTWERP

### 4.2.1 Navorsingsvrae

Die navorsingsontwerp is die strategie wat gevolg word om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

- **Primêre navorsingsvraag**

Watter faktore beïnvloed die repertoriumkeuse van kinderkore?

- **Sekondêre navorsingsvrae**

Uit die primêre kern-navorsingsvraag spruit die sekondêre subvrae (sien 1.4.2).

### 4.2.2 Tipe navorsing

Daar is in die navorsing gevind dat dit voordelig is om verskeie navorsingsmetodes in te sluit. Die navorser gaan eklekties te werk deur verskillende navorsingsmetodes te kombineer in die soeke na oplossings vir die navorsingsprobleem. Volgens Leedy en Ormrod (2001: 92 &114) lei 'n kombinasie van navorsingstipes tot logiese en aanvaarbare antwoorde op die navorsingsvrae. Die verskillende navorsingstipes sluit die volgende in:

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


#### 4.2.2.1 Beskrywende kwalitatiewe navorsing

Die navorsing is hoofsaaklik 'n beskrywende kwalitatiewe studie oor hoe repertoriumkeuses uitgeoefen word. Eienskappe en tendense van repertoriumkeuse word uit die analise van vraelyste, onderhoude en konsertprogramme geïdentifiseer. Dirigente van kinderkore, komponiste van kinderkoormusiek, 'n verskaffer van bladmusiek en bestuurslede van koororganisasies word betrek deur die invul van vraelyste, onderhoude, e-pos, telefoniese kommunikasie en briefwisseling.

#### 4.2.2.2 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Daar is aanvanklik beplan dat hierdie studie op kwalitatiewe navorsing sal fokus en nie kwantitatiewe data sal insluit nie. Hoewel die navorsing steeds grootliks op kwalitatiewe navorsing gebaseer is, het die uitkoms van vraelyste en die analise van katalogusse ook gelei tot 'n versameling van insiggewende kwantitatiewe inligting. Volgens Dey kan dit sinvol wees om kwalitatiewe en kwantitatiewe data te kombineer (sien 1.6).

> On the one hand, qualitative data is often presented as 'richer' and 'more valid' than quantative data. On the other hand, it is often dismissed as "too subjective" because assessments are not made in terms of established standards. … Rather than counter-posing qualitative and quantitative data … it makes more sense to consider how these can compliment each other in social research (Dey, 1993: 13-14 & 17).

'n Skematiese voorstelling van die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, en die onderskeie gebruik van beide daarvan in hierdie studie, word vervolgens gegee. Die uiteensetting is gebaseer op Leedy en Ormrod (2001: 101 - 103) en aangepas vir die doeleindes van hierdie navorsing.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


**Skematiese voorstelling 5: Die insluiting van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing**

| Vyf vrae ten opsigte van die navorsingsontwerp | Kwantitatiewe eienskappe in hierdie navorsing | Kwalitatiewe eienskappe in hierdie navorsing |
|---|---|---|
| **1** **Wat is die doel van hierdie studie?** | Om vas te stel hoe dirigente te werk gaan om repertorium te kies: kwantitatiewe data wat uit vraelyste en konsertprogramme verkry word, bevestig voorspellings en verklaar die geldigheid van bevindinge. | Om deur middel van literatuurstudie, en detail-beskrywings in vraelyste en onderhoude, vas te stel hoe dirigente te werk gaan om repertorium te kies: om uit terugvoering van respondente en ander bronne te ontdek, te interpreteer en te omskryf. |
| **2** **Wat is die aard van die navorsingsproses?** | 'n Gefokusde benadering met gebruikmaking van spesifieke kwantitatiewe data. | 'n Holistiese benadering met gebruikmaking van verskillende persoonlike sieninge van respondente. |
| **3** **Watter metode word ten opsigte van data-versameling gevolg?** | Numeriese inligting uit vraelyste wat tot kwantitatiewe data lei. | Beskrywende inligting uit literatuurstudie, waarnemings, onderhoude en inligting in vraelyste wat tot kwalitatiewe data lei. |
| **4** **Watter vorm van navorsingsanalise word gebruik?** | Deduktiewe analise: algemene afleidings en gevolgtrekkings. (Afleidings gemaak uit algemene getalle van verspreiding). | Induktiewe analise: persoonlike afleidings en gevolgtrekkings. (Afleidings gemaak uit kwalitatiewe beskrywings deur respondente). |
| **5** **Hoe word die bevindinge weergegee?** | Kollektiewe data word in persentasies, getalle en grafiese voorstellings weergegee. | • Beskrywings van bevindinge<br>• Aanhalings<br>• Persoonlike insette<br>• Literatuur |

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


#### 4.2.2.3 Inhoudsanalise

Inhoudsanalise is 'n gedetailleerde en sistematiese ondersoek van die inhoud van toepaslike materiaal. In hierdie navorsing is daar tussen twee afdelings onderskei, naamlik literatuurstudie en die analise van data-dokumente.

- Literatuurstudie
  - Gepubliseerde boeke
  - Gepubliseerde en ongepubliseerde navorsingsartikels
  - Internet-artikels
  - Navorsingsverhandelinge, tesisse en studiehandleidings
  - Koerantartikels

- Data-dokumente
  - Konsertprogramme
  - Katalogusse

#### 4.2.2.4 Ontwikkelingsnavorsing

Hierdie tipe studie word gevolg deur tendense in repertoriumkeuse te bepaal. "Such studies are particularly appropriate for looking at developmental trends" (Leedy & Ormrod, 2001: 114). Konsertprogramme wat oor 'n aantal jare strek word vergelyk om te bepaal hoe repertoriumkeuse verander het en watter nuwe tendense waargeneem word. Tendense in die programme van verskillende kore is ondersoek. Nuwe wendings wat oor ‘n aantal jare ten opsigte van repertoriumkeuse ingeslaan is, is ook belig.

#### 4.2.2.5 Empiriese en nie-empiriese navorsing

Deur van beide empiriese en nie-empiriese navorsing gebruik te maak, kan objektiewe feite sowel as die subjektiewe konteks van die navorsingsrealiteit in ag geneem word.

> All research accounts are based on empirical data … we can only partially understand accounts of the world by referring to the facts, and must look beyond empirical evidence to the background knowledge that makes the evidence believable (Terre Blanche & Durrheim, 2002:3).

Die volgende is 'n skematiese voorstelling van die verskil tussen empiriese en nie-empiriese navorsing, en die gebruik daarvan in hierdie studie (Mouton, 2001: 57). Die skematiese voorstelling volg op die volgende bladsy.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


**Skematiese voorstelling 6: Kombinasie van empiriese en nie-empiriese navorsing**

**Tipe navorsing**

| **Empiriese studie** | **Nie-empiriese studie** |
|---|---|
| **Gebaseer op**<br>• Ondervinding<br>• Ondersoeke ten opsigte van sosiale realiteit | **Gebaseer op**<br>• Analise van reeds-bestaande data |
| **Toepassing in hierdie navorsing**<br>• Persoonlike ervaring van navorser<br>• Ondersoeke van die sosiale realiteit deur middel van onderhoude, vraelyste, e-pos en persoonlike kommunikasie | **Toepassing in hierdie navorsing**<br>Versameling en analise van dokumente**:**<br>• Konsertprogramme<br>• Katalogusse van koorrepertorium |

Die navorsing is gevolglik gebaseer op waarneming, ondervinding en sosiale realiteite (empiries), asook op teks en die analise van bestaande data (nie-empiries) byvoorbeeld programme.

**4.2.2.6 Interpretatiewe en positivistiese benadering**

Hoewel hierdie navorsing hoofsaaklik 'n interpretatiewe (anti-positivistiese) benadering volg, is eienskappe van positivisme ook ingesluit. Die volgende vergelykende tabel en die toepassing daarvan, is 'n uiteensetting van hoe hierdie studie beide genoemde benaderingswyses akkommodeer. 'n Paradigma kan as die model of patroon waarop die navorsing geskoei is, beskou word. Dit kan beskryf word as die wyse waarop die navorser sy navorsingsmateriaal, of navorsingsfokus beskou (De Vos et al, 2002: 43).

> The important point is that all scientific research is conducted within a specific paradigm, or way of viewing one's research material. Researchers must, therefore, decide within what paradigm they are working, know the nature of their selected paradigm very well, and spell this out in their research report in order to keep their reader public clear and unambiguous (De Vos et al, 2002: 44 – 45).

Die positivistiese en interpretatiewe eienskappe van die die studie word vervolgens onder die volgende indelings uiteengesit: ontologiese paradigma, epistomologiese paradigma en metodologiese paradigma.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


**Tabel 4: Eienskappe van 'n interpretatiewe en positivistiese benadering**

| | **Ontologies** | **Epistomologies** | **Metodologies** |
|---|---|---|---|
| | Die eienskappe van die realiteit wat bestudeer word. | Die aard van die verhouding tussen die navorser en die navorsingsfokus. | Die wyse waarop die navorser te werk gaan om data in te win. |
| **Positivisties** | Eksterne stabiele realiteit: die klem val hoofsaaklik op waarneembare gedrag. | Objektiewe, afsydige waarneming. | Kwantitatiewe data. Toetsing van hipoteses. |
| **Interpretatief** (Anti-positivisties) | Subjektiewe interne realiteit: kontekstueel-gebonde interpretasie van waarnemings. | Empatiese, subjektiewe waarneming. | Kwalitatiewe data. Interpretasie van navorsingsverwagtinge. |

Beide 'n interpretatiewe en positivistiese benadering word soos volg in hierdie navorsing toegepas: wat die **ontologiese veld** betref, fokus hierdie navorsing op die wyses waarop dirigente van kinderkore te werk gaan om repertoriumkeuses uit te voer. Daar word eerstens op waarneembare gedrag of eksterne realiteit gefokus ('n positivistiese benadering), byvoorbeeld die analise van konsertprogramme, bronne waarvan dirigente gebruik maak en die indeling van repertorium in 'n jaarbeplanning. Tweedens word daar 'n kontekstueel-gebonde interpretasie aan die analise van die vraelyste geheg ('n interpretatiewe benadering).

**Epistomologies** kan die aard van die verhouding tussen die navorser en die navorsingsfokus soos volg omskryf word: die verwysingsraamwerk van die navorser is gebaseer op persoonlike ervaring en betrokkenheid in die navorsingsveld. 'n Positivistiese benadering word gevolg deurdat die kwantitatiewe data die navorser in staat stel om objektiewe waarneming uit te voer. Die kwalitatiewe data in die navorsing verbreed die fokus tot 'n interpretatiewe, subjektiewe waarneming.

**Metodologies** word daar beide van kwalitatiewe ('n interpretatiewe benadering) en kwantitatiewe ('n positivistiese benadering) gebruik gemaak. Daar word nie van 'n hipotese, wat op 'n teorie gebaseer is, gebruik gemaak nie, maar wel van navorsingsverwagtinge. Hierdie navorsingsverwagtinge is gebaseer op literatuurstudie en persoonlike ervaring en waarneming. Die metodologiese benadering is dus wat die navorsingsverwagtinge betref, interpretatief van aard.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


Volgens Terre Blance en Durrheim volg die meeste navorsing óf 'n interpretatiewe óf 'n positivistiese benadering. Dit is egter ook moontlik om benaderingswyses te kombineer.

> Because different paradigms exist simultaneously, it is possible for the same researchers to draw on more than one paradigm, depending on the kind of work they are doing (Terre Blanche & Durrheim, 2002:3).

Die navorsing sluit feitelike objektiewe data sowel as interpretatiewe subjektiewe analises in. 'n Positivistiese, sowel as 'n interpretatiewe benadering word dus gevolg.

### 4.3 DIE NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetodes sluit 'n verskeidenheid van navorsingsinstrumente in. In hierdie afdeling word voorbeelde van die navorsingsinstrumente gegee. Daar word gemotiveer waarom die tipe navorsing wat gekies is, geskik is vir die betrokke studie. Uitdagings en beperkinge van die navorsing word bespreek (sien 2.10).

#### 4.3.1 Navorsingsprosedures

Die volgende navorsingsprosedures is as stappe in hierdie studie gebruik:

- Begripsomskrywing
- Literatuurstudie
- Data-dokumente

  Beskikbare bronne van Suid-Afrikaanse repertorium vir gelykstemmige kore

  - 'n Lys van Suid-Afrikaanse komponiste van gelykstemmige koormusiek (sien Addendum 8)

  Versameling van dokumente wat die repertoriumkeuse van enkele kinderkore weerspieël

  - Konsertprogramme van Suid-Afrikaanse kinderkore (sien Addendum 6)

#### 4.3.2 Navorsingstegnieke

Onder dié opskrif word die navorsingsinstrumente of hulpmiddels wat vir die uitvoering van die navorsingsproses gebruik is, uiteengesit. Daar word van die volgende navorsingsinstrumente gebruik gemaak:

- Vraelys aan dirigente en ander rolspelers (sien Addendum 3)
  - Dekbrief aan dirigent (sien Addendum 4)
  - Dekbrief aan skoolhoof (sien Addendum 5)
- Vraelys aan komponiste (sien 6.3)

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


Die dekbriewe en vraelyste aan dirigente is ook in Engels beskikbaar gestel. Aangesien die getal komponiste slegs sewe was, is komponiste en die verspreider van bladmusiek telefonies gekontak, en onderhoude en opvolgwerk is deur middel van persoonlike kommunikasie uitgevoer. Geskrewe antwoorde op die vraelyste is per pos, e-pos, of persoonlik van die komponiste ontvang.

## 4.4 RESPONDENTE EN RESPONSKOERS

Die term "metode" verwys nie net na die "navorsingsroete" nie (sien 2.2), maar ook na die Latynse betekenis "gesprek" of "reisgenoot" (Henning, 2004: 70). Deelnemers wat as respondente betrek word, kan dus as "reisgenote" bestempel word. Die respondente lewer 'n belangrike bydrae in die "navorsingsreis" om by 'n eindbestemming (die navorsingsdoel naamlik die uitkomste van die navorsingsvrae) uit te kom. Respondent-dirigente wat by hierdie studie betrek is, is koorleiers van gelykstemmige kinderkore (laerskoolkore en/of streekskinderkore). 'n Totaal van vier-en-sestig dirigente het aan die navorsing deelgeneem; sewe-en-vyftig Suid-Afrikaanse en sewe buitelandse dirigente. Dirigente en ander respondente is onder die volgende kategorieë ingedeel:

- **Suid-Afrikaanse dirigente van streekskinderkore**

Dirigente van streekskinderkore wat aan die navorsing deelgeneem het, sluit respondente wat tans as dirigente werksaam is by kore, sowel as dirigente wat voorheen by streekskinderkore 'n waardevolle bydrae gelewer het, in. Die dirigente van streekskinderkore wat betrek is, beskik ook oor ondervinding as dirigente van skoolkore en as beoordelaars van koorkompetisies. Hierdie veelsydige ondervinding is tot voordeel van die navorsing. Dertien dirigente van streekskinderkore is telefonies gekontak en briewe en vraelyste is aan elkeen gepos of gefaks. Twaalf vraelyste is ontvang. Die responskoers van hierdie groep is 92%.

- **Suid-Afrikaanse dirigente van senior laerskoolkore**

Dirigente van skoolkore van staatskole, privaatskole en skole uit verskillende kulturele en sosio-ekonomiese agtergronde is betrek. Van die respondente val in beide die kategorieë dirigente van streekskinderkore, sowel as dirigente van senior laerskoolkore. Respondente uit die volgende provinsies het deelgeneem: Gauteng, Noordwes, Oos-Kaap, Wes-Kaap, Mpumalanga en die Noordelike Provinsie. Een-en-sestig dirigente is telefonies gekontak en briewe en vraelyste is aan hulle, sowel as die betrokke skoolhoofde, gepos of gefaks. Vyf-en-veertig vraelyste is terug ontvang. 'n Responskoers van 75% is hier waarneembaar.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


- **Dirigente van buitelandse kinderkore**

Hoewel die navorsing fokus op 'n Suid-Afrikaanse perspektief, is die insette van enkele buitelandse dirigente van kinderkore insiggewend en kon vergelykings getref word tussen Suid-Afrikaanse en internasionale tendense.

Buitelandse repondente is op twee wyses betrek: Eerstens is ses dirigente wat die navorser persoonlik ontmoet het, gekontak. Hierdie kennisname het plaasgevind tydens koortoere in die buiteland sowel as tydens besoeke van buitelandse kinderkore aan Suid-Afrika. Vraelyste van vyf respondente is uit hierdie groep terug ontvang. Tweedens is gebruik gemaak van die adreslys van dirigente van kinderkore wat die *Europa Cantat* Kongres in Julie 2002 in Namur, België bygewoon het. Briewe en vraelyste is aan twee-en-dertig van hierdie groep dirigente gepos. Twee vraelyste is terug ontvang. Die responskoers van die eerste groep is 83%, terwyl die responskoers van die tweede groep 6% was. Daar is dus gevind dat dit voordelig is, en die responskoers hoër is, indien respondente wat aan die navorser bekend is, betrek word.

- **Suid-Afrikaanse komponiste van kinderkoorrepertorium**

Nege Suid-Afrikaanse komponiste van kinderkoormusiek het vraelyste ontvang en positiewe terugvoer is van sewe ontvang (sien 6.2). Die responskoers is 77.7%.

- **Amptenare betrokke by Suid-Afrikaanse koororganisasies**

Betrokkenes by koororganisasies speel 'n belangrik rol, en beskik oor waardevolle kennis met betrekking tot die kinderkoorbeweging in Suid-Afrika. Hierdie rolspelers kan waardevolle insette lewer betreffende tendense in die Suid-Afrikaanse kinderkoorbeweging. Afgesien van respondent-dirigente wat ook op genoemde besture dien, is Annemarie van der Walt (lid van die SAKV Komitee en redakteur van die *Cantandus Gaudeamus*) ook deur middel van 'n onderhoud betrek (sien 5.2.2.2).

- **'n Suid-Afrikaanse verskaffer van bladmusiek**

Inligting rakende algemene tendense wat waargeneem is, en data van beskikbare Suid-Afrikaanse komposisies vir kinderkoor, het 'n bydrae tot hierdie navorsing gelewer. Uit die respons op vraelyste blyk dit dat die meeste deelnemende dirigente van die verspreider *Edumusic* in Florida aan die Wesrand gebruik maak. Betsie Pretorius van *Edumusic* is gevolglik as respondent betrek, en het 'n bydrae gelewer aangaande die vraag en aanbod van

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


koorrepertorium. Data en inligting oor Suid-Afrikaanse komponiste van kinderkoormusiek in die SAMRO–katalogus vir 2004, is ook ingesluit.

### 4.5 VERSAMELING VAN DATA-DOKUMENTE

Konsertprogramme van kinderkore is as data-dokumente ingesluit. Honderd-agt-en-negentig konsertprogramme maak deel uit van die data-analise wat strek oor 'n tydperk van sewe-en-dertig jaar (1968 – 2004). Programme word onder die volgende afdelings ingedeel:

- Verskeie kort programme van senior laerskoolkore
- Verskeie kort programme van streekskinderkore
- Verskeie uitgebreide jaarkonsertprogramme van streekskinderkore
    - Pretoria Kinderkoor onder leiding van Petru Gräbe (1968 – 1978)
    - Pretoria Kinderkoor onder leiding van Tinus Kühn (1979 – 1992)
    - Tygerberg Kinderkoor onder leiding van Hennie Loock (1974 – 2004)
    - NKP Dogterskoor onder leiding van Margie Spaumer (1979 - 1982)
    - NKP Kinderkoor onder leiding van Salomé Hendrikse (1984 - 1992)
    - Bloemfontein Kinderkoor onder leiding van Huibrie Verster (1988 - 2004)
    - UP Jakaranda Kinderkoor onder leiding van Riekie van Aswegen (1994 - 2002)

### 4.6 DATA-VERSAMELINGSPLAN

Die volgende data-versamelingsplan is uiteengesit volgens die tabel wat voorgestel word in Vithal en Jansen (2001).

**Tabel 5: Data-versamelingsplan**

| Vrae | Data-versamelingsplan |
|---|---|
| **WAAROM** word die data versamel? | Die data verskaf inligting oor hoe dirigente in Suid-Afrika en in die buiteland te werk gaan om repertorium saam te stel. Die invloed van verskillende rolspelers en faktore wat repertoriumkeuse beïnvloed, word uit die data afgelei. |
| **WAT** is die navorsingstrategie? | • Vraelyste<br>• Onderhoude<br>• Navorsingsdokumente: konsertprogramme en katalogusse |

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


<table>
<tr><th>Vrae</th><th>Data-versamelingsplan</th></tr>
<tr><td>WIE / WAT<br>is die bronne waaruit<br>data verkry word?</td><td><ul><li>Vraelyste aan dirigente van streekskinderkore en laerskool seniorkore.</li><li>Vraelyste aan komponiste van kinderkoorrepertorium</li><li>Onderhoude met dirigente, beoordelaars van koorkompetisies, verskaffers van bladmusiek en amptenare van koororganisasies.</li><li>Navorsingsdokumente: konsertprogramme van streekskinderkore en laerskool seniorkore, katalogus van SAMRO en lys van komposisies van respondent-komponiste.</li></ul></td></tr>
<tr><td>HOEVEEL<br>van die data-bronne<br>word ontgin?</td><td><table>
<tr><th>Respondente-groep</th><th>Aantal deelnemers</th></tr>
<tr><td>Suid-Afrikaanse dirigente van streekskinderkore</td><td>13</td></tr>
<tr><td>Suid-Afrikaanse dirigente van skoolkore</td><td>44</td></tr>
<tr><td>Buitelandse dirigente van streekskinderkore</td><td>7</td></tr>
<tr><td>Komponiste van kinderkoorrepertorium</td><td>7</td></tr>
<tr><td>Amptenare betrokke by koororganisasies</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Verspreiders van bladmusiek</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Betrokkenes by onderhoude en pos- of e-pos-kommunikasie wat nié vraelyste voltooi het nie</td><td>10</td></tr>
<tr><td>Totaal</td><td>84</td></tr>
<tr><th>Data-dokumente</th><th>Aantal</th></tr>
<tr><td>Konsertprogramme van kore (Addendum 7)</td><td>198</td></tr>
</table></td></tr>
<tr><td>WAAR /<br>OP WATTER WYSE<br>word die data verkry?</td><td><ul><li>Persoonlike onderhoude vind in Pretoria, Mamelodi, Bloemfontein en Johannesburg plaas.</li><li>Vraelyste word persoonlik óf per pos óf e-pos gestuur en ontvang.</li><li>Konsertprogramme en die SAMRO-katalogus word persoonlik, of per pos versamel.</li></ul></td></tr>
<tr><td>HOE DIKWELS<br>word die data verkry?</td><td><ul><li>Onderhoude vind eenmalig plaas, maar die getikte weergawe word weer aan die respondent vir goedkeuring voorgelê en in sommige gevalle weer bespreek.</li><li>Vraelyste is eenmalig ingevul. In sommige gevalle word antwoorde wat onduidelik is of wat 'n besondere bydrae lewer weer opgevolg.</li><li>Konsertprogramme en 'n katalogus en die lys van werke van respondent-komponiste, word eenmalig versamel.</li></ul></td></tr>
</table>

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


| Vrae | Data-versamelingsplan |
|---|---|
| **MOTIVERING** vir die data-versamelingsplan | • Onderhoude verskaf waardevolle en gedetailleerde inligting oor die persoonlike ervaring en stand van die praktyk ten opsigte van repertoriumkeuse.<br>• Vraelyste bied inligting oor rolspelers en faktore wat repertoriumkeuse beïnvloed.<br>• Konsertprogramme van kinderkore dien as feitlike data ten einde repertoriumkeuse oor 'n aantal jaar te vergelyk en tendense te identifiseer.<br>• Deur katalogusse van kinderkoorrepertorium te bestudeer (SAMRO-katalogus en die lys van komposisies van respondent-komponiste) kan 'n idee gevorm word oor watter repertorium plaaslik beskikbaar is. |
| **Watter navorsingstegnieke** word gebruik? | • Vraelyste<br>• Onderhoude |
| **Wie** word as **respondente** betrek? | • Suid-Afrikaanse en buitelandse dirigente van gelykstemmige kinderkore.<br>• Suid-Afrikaanse komponiste van musiek vir gelykstemmige kore.<br>• Een Suid-Afrikaanse verspreider van bladmusiek.<br>• Een Suid-Afrikaanse lid van die SAKV. |

## 4.7 GELDIGHEID VAN DIE NAVORSING

Die geldigheid van enige navorsing behoort, ongeag van die navorsingsmetodologie wat gevolg word, getoets te word. Die interne asook die eksterne geldigheid van die navorsing is ter sprake (Leedy & Ormrod, 2001: 103-106). Verskeie faktore en voorvereistes is in ag geneem ten einde die geldigheid van hierdie navorsing te toets.

**Skematiese voorstelling 7: Interne en eksterne geldigheid van die navorsing**

| **Interne geldigheid** | **Eksterne geldigheid** |
|---|---|
| Interne, spesifieke geldigheid | Eksterne, algemene geldigheid |
| In watter mate lei die navorsingsontwerp en die data wat dit voortbring tot akkurate gevolgtrekkings? | In watter mate is hierdie navorsing algemeen relevant? |
| Ten einde interne geldigheid te verseker, moet voorsorgmaatreëls getref word dat die uitkomste van die navorsing nie aan ander bykomende faktore toegeskryf kan word nie. | Ten einde eksterne geldigheid te verseker, moet die navorsing ook in 'n ander konteks as die spesifieke navorsing toegepas kan word. |

- **Interne geldigheid**

Daar is nie voorsien dat die uitkomste in hierdie navorsing deur bykomende faktore beïnvloed word nie. Leedy en Ormrod verwys na die *reaktiwiteits-* of die *Hawthorne*-effek. "Sometimes the participants change their behavior simply because they know they are in a research study" (2001: 104). Hierdie navorsing behoort nie 'n reaktiwiteitsfaktor tot gevolg te hê nie. 'n Sterk eienskap van die navorsing is dat dit nie onmiddellike en toekomstige eksperimentele vergelykings bevat nie. Daar word grootliks gebruik gemaak van historiese inligting (byvoorbeeld konsertprogramme en katalogusse) en reeds verworwe kennis en ervaring (onderhoude en vraelyste).

Deur van 'n driehoeksprojeksie ("triangulasie") gebruik te maak kan die interne geldigheid van die navorsing getoets word. Die data wat in die navorsing versamel word, is meervoudig en kan dus vergelyk word. Leedy en Ormrod wys daarop dat driehoeksprojeksie algemeen gebruik word in kwalitatiewe navorsing. " … a researcher might engage in many informal observations in the field *and* conduct in-depht interviews, then look for common themes that appear in the data gleaned from both methods" (Leedy & Ormrod, 2001: 105). In hierdie navorsing word gebruik gemaak van beide waarneming asook in-diepte-onderhoude. Die uitkomste van beide metodes word vergelyk om ooreenkomste of verskille aan te toon.

- **Eksterne geldigheid**

Die gevolgtrekkings wat in die navorsing gemaak word, is ook in 'n algemene konteks van toepassing. Ten einde hierdie kriterium te bespreek, kan twee vrae gestel en soos volg beantwoord word:

- Val die navorsingsfokus op 'n ware realistiese lewensopset en nie op 'n kunsmatige situasie nie?

  Die navorsing is gegrond op 'n kombinasie van ondervinding en kennis wat opgebou is deur dirigente en die navorser in die praktyk. "Research that is conducted in the outside world, although it might not have the tight controls of a laboratory project, may be more valid in the sense that it yields results with broader applicability to other real world contexts" (Leedy & Ormrod, 2001: 105).

- Is die deelnemers aan die navorsing 'n verteenwoordigende groep?

  Deelnemers verteenwoordigend van 'n verskeidenheid kultuurgroepe in Suid-Afrika is betrek. Dirigente en beoordelaars van uiteenlopende kulturele agtergronde het as respondente deelgeneem. Skoolkore verbonde aan beide staatskole, asook privaat skole is betrek. Kore

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


met verskillende taalagtergonde is ingesluit: Afrikaanssprekende, Engelssprekende en Sepedisprekende kore. (Kore afkomstig uit hierdie drie taalgroepe sluit koorlede uit die ander Suid-Afrikaanse kultuurgroepe en tale in.)

Hoewel die studie op 'n Suid-Afrikaanse perspektief fokus, is enkele buitelandse respondente ook betrek. Die uitkomste van die navorsing wat Suid-Afrikaanse respondente betref, kon met internasionale tendense vergelyk word. Hierdie vergelyking verhoog die geldigheid van die bevindinge.

- **Algemene geldigheid**

Die geldigheid van hierdie navorsing kan aan die hand van die volgende aspekte gemeet word, naamlik negatiewe gevalle-analise, detailbeskrywing, terugvoering van kollegas in dieselfde veld en respondente-geldigheidstoets (Leedy & Ormrod, 2001: 106).

- Negatiewe gevalle-analise

Daar is deurentyd gekyk na uitkomste wat anders is as wat verwag is. Daar is in hierdie navorsing bevindinge wat kontrasteer met wat aanvanklik verwag is (sien 7.2.1 – 7.2.8.).

- Detailbeskrywing

Die vraelyste bevat uitgebreide detail. Die nadeel van hierdie uitgebreide vraelyste is dat minder respondente deelgeneem het, maar die voordeel is dat detailinhoud verkry is. Uit die vraelyste en onderhoude kon gedetailleerde gevolgtrekkings en beskrywings gemaak word. Volgens Leedy en Ormrod kan detailbeskrywing 'n waardevolle bydrae tot die geldigheid van navorsing lewer: "The situation is described in sufficiently rich, "thick" detail so that readers can draw their own conclusions from the data presented" (Leedy & Ormrod, 2001: 106).

- **Terugvoering van kollegas in dieselfde veld**

Daar is gedurende die navorsing deurentyd onderhoude met kollegas in dieselfde veld gevoer. Die onderhoude, asook persoonlike kommunikasie, het nie net waardevolle inligting opgelewer nie, maar ook gedien as klankbord om die geldigheid van die navorsing te toets en opinies te vergelyk. Waardevolle insette het bygedra tot afleidings en interpretasies wat gemaak is.

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


- **Respondente-geldigheidstoets**

Volgens Leedy en Ormrod (2001:106) kan die bevindinge van die navorsing teruggeneem word na die deelnemers ten einde die geldigheid van die uitkomste te toets. Alle deelnemers in hierdie navorsing is nie by die respondente-geldigheidstoets betrek nie. 'n Steekproef is egter gedoen om die opinies van 'n gedeelte van die groep respondente wat aan die navorsing deelgeneem het, te toets.

### 4.8 LOODSONDERSOEK

Loodsvraelyste is gestuur aan tien Suid-Afrikaanse respondente en een buitelandse respondent. Die volgende probleme is ten opsigte van die vraelys geïdentifiseer en aangepas:

- **Afdeling A: Biografiese besonderhede**

'n Praktiese aanpassing is gemaak deur voorsiening te maak vir meer spasie waarin die betrokkenheid by kore en jaartalle ingevul kon word.

- **Afdeling B: Die rol van die persoonlike agtergrond van die dirigent**

In die loodsvraelyste is daar by afdeling B ruimtes gegee waarin respondente die volgorde van belangrikheid van die onderskeie aspekte in hul persoonlike lewensgeskiedenis kon aandui. Daar is gevind dat dit bydra tot die kompleksiteit van die vraelys en die meeste loodsrespondente het dit nie ingevul nie. Dit is derhalwe weggelaat.

- **Afdeling C (Aspekte binne koorverband wat repertoriumkeuse beïnvloed) en Afdeling D** (Algemene faktore wat 'n invloed op repertoriumkeuse kan hê).

Hierdie twee afdelings is onveranderd gelaat.

- **Afdeling E: Die rol van betrokke partye.**

Die rangorde van die mate waarin rolspelers die repertoriumkeuse van dirigente beïnvloed, moes aanvanklik in twee kolomme ingevul word: eerstens die rangorde soos dit in die praktyk ervaar word en tweedens die rangorde wat die dirigent as die ideale opset beskou. Om die vraelys te vereenvoudig, is die aanpassing gemaak dat slegs een rangorde ingevul word.

- **Afdeling F: Standpunte rakende die insluiting van verskillende tipes koormusiek**

Onder hierdie opskrif is aanvanklik voorsiening gemaak vir kommentaar oor verwerkings van koormusiek oor die algemeen, verwerkings van tradisionele musiek van die dirigent se land self en van verwerkings van volksmusiek vanoor die wêreld. Drie soorte verwerkings is bygevoeg: koorverwerkings van Afrika-volksmusiek, populêre musiek en instrumentale komposisies. Daar is

University of Pretoria etd – Van Aswegen, H J (2005)


ook voorsiening gemaak vir kommentaar oor die gebruik van *a cappella*- en/of begeleide koormusiek.

## 4.9 NAVORSINGSBEPERKINGS

Die volgende aspekte kan as beperkings van die navorsing beskou word:

- **Geldigheid van die navorsingsuitkomste: plaaslike en internasionale verteenwoordiging**

Die navorsing sluit hoofsaaklik Suid-Afrikaanse respondente in. Enkele buitelandse respondente is ook betrek om plaaslike en internasionale tendense ten opsigte van repertoriumkeuse te vergelyk. Die bevindinge in die navorsings is van toepassing op genoemde deelnemende kore. Hoewel die navorsing streef na universele geldigheid, is die aantal deelnemers, veral uit die buiteland, steeds beperk. Daar kan dus nie noodwendig aanvaar word dat die navorsingsuitkomste op alle dirigente van kinderkore in Suid-Afrika of wêreldwyd van toepassing is nie.

- **Geldigheid van die navorsingsuitkomste: Suid-Afrikaanse kulturele diversiteit**

Respondente van verskillende kultuuragtergronde, taalgroepe en tipe skole is in hierdie navorsing betrek. Die kulturele diversiteit in Suid-Afrika speel 'n rol in die wyse waarop Suid-Afrikaanse dirigente uit verskillende kulturele agtergronde repertorium kies. Die navorsing is egter gefokus op 'n beperkte teikengroep wat verskillende kulture insluit, maar nie noodwendig verteenwoordigend van die totale Suid-Afrikaanse kinderkoorbeweging is nie.

- **Komplekse en uitgebreide aard van vraelys**

Daar is gevind dat die vraelys vir baie deelnemers te kompleks en uitgebreid was. Dit het 'n invloed op die aantal deelnemers gehad – minder respondente wat gekontak is, het deelgeneem. Die uitgebreide aard van die vraelyste en onderhoude het egter ook voordele ingehou – hierdeur kon in-diepte- en gedetailleerde inligting verkry word.

## 4.10 SAMEVATTING

Deur die studie te baseer op 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe, empiriese en non-empiriese navorsing, asook 'n interpretatiewe sowel as 'n positivistiese benadering, is die geldigheid van die navorsing versterk. Die gedetailleerde aard van die vraelyste en die verskeidenheid van navorsingsinstrumente wat gebruik is, bied die geleentheid om repertoriumkeuse in die praktyk te toets en lewer ook 'n bydrae tot die geldigheid van die navorsing.